Deur Wilma de Bruin

Weelderige verblyf vir sakelui

#1 Melrose Blvd is deesdae dié blyplek vir sakemanne. Dié moderne, stylvolle en eksklusiewe wooneenhede bied sakemanne wat vir vergaderings en konferensies na Johannesburg moet gaan, die ideale kombinasie van uitsonderlike woongerief en maksimum privaatheid.

Vir die rondreisende sakeman wat gewoond is aan die gerief en privaatheid van sy eie huis en studeerkamer, kan die vooruitsig van verblyf in 'n besige stadshotel sommer 'n skeelhoofpyn gee.

Behalwe dat hulle dikwels elders getrakteer word (of self daar trakteer) en laatnag die pad terug moet vind, is daar min sprake van privaatheid of 'n geleentheid vir ononderbroke werk in so 'n woelige omgewing.

Danksy Seasons in Africa (SIA) se ontwikkeling van ses luukse-dakwoonstelle in die hart van die byderwets gemengde ontwikkeling Melrose Arch in Johannesburg, is dié probleem nou iets van die verlede. Boonop kan hulle daar self na hartelus en in fynproewerstyl trakteer – sonder om 'n voet buite die deur te sit.

Die moderne, stylvolle en eksklusiewe wooneenhede van #1 Melrose Blvd – wat op dieselfde hoë peil as enige vyfsterhotel is, maar drie keer ruimer – bied sakemanne wat vir vergaderings en konferensies in Johannesburg aankom, die ideale kombinasie van uitsonderlike woongerief en maksimum privaatheid.

Sakevergaderings kan met groot gemak in die woonstelle gehou word – sonder enige steurnisse. Die besonder veilige eenhede is ook almal met ADSL-internetverbinding toegerus sodat belangrike rekenaarwerk ongesteurd kan voortgaan en e-posse en dokumente enige tyd gestuur en ontvang kan word.

Die ses ruim en weelderige eenhede wissel in grootte van een tot drie slaapkamers. Die kersie op die koek is die stylvolle dakwoonstel van 310 vk. m, wat met sy eie plasswembad en 'n verruklike uitsig op 'n boomryke deel van Johannesburg spog. Weens sy hoë ligging, kan mens ook nie die druk stadsverkeer op die nabygeleë M1-snelweg hoor nie.

Elke eenheid het ook 'n ten volle toegeruste kombuis waar besoekers self kan bak en brou, of soggens vroeg 'n koppie skuimkoffie uit 'n ontwerpermasjien kan optower.

Vir dié wat nie vir potte en panne kans sien nie, is 'n bediende wat vir enige diens sal pa staan, die hele tyd beskikbaar – of dit nou 'n klein, intieme onthaal is, die reël van sekretariële dienste, wasgoed of spabehandelings. 'n Hoofbestuurder is ook altyd byderhand om, waar nodig, 'n verdere hand te verleen.

Benewens 'n groot platskerm-TV, kabel-TV en DVD-speler, spog elke sitkamer met 'n gaskaggel sodat jy ná 'n lang winterswerkdag jou skoene kan uitskop en in 'n gesellige, warm omgewing op die rusbank kan ontspan.

Die en suite-badkamers het almal verwarmde handdoekrelings en reënstorte, die private patio's is toegerus met braaigeriewe en die yskas is propvol drinkgoed.

Wie het gesê sakeverblyf in die verre vreemde, kan jou nie ook die gerief van jou eie huis bied nie?

#1 MELROSE BLVD
Adres: 1 Melrose Boulevard, Melrose Arch, Johannesburg
Tel: 083-555-4793
Webwerf: www.1melrose.com
Tariewe per nag, met inbegrip van 'n ligte kontinentale ontbyt:
R3 600 (een slaapkamer)
R4 900 (twee slaapkamers)
R7 200 (drie slaapkamers)